

Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 29 Deel 110

VRYDAG - 26 JULIE 2019

www.heilbronherald.co.za

R5-00 (BTW ingesluit)

Teerprojek steeds aan die gang



Die teerprojek in Heilbron is steeds in volle vaart. Heilbronnrs kan alreeds 'n verskil aan die paaie sien waar gate herstel is. AfriForum het onlangs 'n groot bydrae gelewer tot die projek deur sakkies teer te skenk. Hierdie sakkies maak dit moontlik om van die paaie gou-gou weer in 'n rybare toestand te kry. Alhoewel skenkings ontvang is bly die voorrade maar laag. Daarom is die teerprojek steeds afhanklik van fondse en donasies. Inwoners word steeds versoek om hul bydraes te lever om van hierdie projek 'n sukses te kan maak. As almal hande vat en saamstaan kan amper al die paaie in Heilbron binnekort herstel word. Inlas: Op die foto kan van die slaggate gesien word wat reeds herstel is.

Nuwe gevvaar op Sasolburg-pad



Varke is 'n nuwe gevvaar vir pendelaars op die Sasolburg-pad. Motoriste moet nie net waaksam wees vir skape en beeste nie, maar nou ook op die uitkyk wees vir varke.

Heilbron Herald VAKANTE POS

Heilbron Herald is op soek na 'n energieke, kreatiewe en dinamiese persoon om nuuswerwing en bemarking te doen.



POSBESKRYWING

1. Skryf artikels vir gedrukte en elektroniese media
2. Bou kontakte binne die bedryf om 'n vloei van nuus te handhaaf
3. Woon 'n verskeidenheid geleenthede by en neem foto's vir dekking.
4. Skep en laai nuusinhoud vir sosiale media-platforms
5. Voldoening aan streng sperdatums
6. Aanvanklike - en opvolgkontak en die deurlopende bou van verhoudings met kliënte
7. Ontwikkeling van 'n databasis van maandelikse adverteerders en ander kliënte

AANSOEKERS MOET AAN DIE VOLGENDE KRITERIA VOLDOEN

- Matriekkwalifikasie is 'n voorvereiste
- Hoërkwalifikasie sal voorkeur geniet
- Vlotheid in Afrikaans en Engels (gesproke en geskrewe).
- Vergoeding: Basiese salaris en Kommissie-gedrewen
- Ervaring in verkoop en aankope
- Kommunikasievaardighede
- Rekenaarvaardigheid
- Bestuurderslisensie

Verkorte CV's met verwysings kan per e-pos gestuur word na abrie@heilbron.co.za

POS BESKIKBAAR VANAF AUGUSTUS 2019

Elsstr 44, Heilbron, 9650 • Tel: 058 852 3033 • Faks: 058 853 0140

Misdaadverslag

Heelwat arrestasies is die afgelope ruk gemaak. Drie persone is onderskeidelik Donderdag en Vrydag gearresteer nadat hulle uitgeken kon word op videomateriale. Van die verdagtes het gesteelde eiendomme aan 'n Etiopiër verkoop. Die SAPD het hom ook gearresteer vir die besit van gesteelde eiendomme.

Woensdag is daar nog 'n arrestasie by die Landdroskantore gemaak. 'n Besoeker het klere in 'n sak vir 'n beskuldigde gebring. Die beskuldigde is in aanhouding vir 'n saak van Oranjeville wat nog nie afgehandel is nie. Tydens die sekuriteitsondersoek is 'n 9mm patroon in die besoeker se sak gevind.

Na verdere ondersoek is daar 'n pakkie met vyf gram dagga aan die besoeker se lyf gevind. Hy is gearresteer vir die besit van dagga en ammunisie - hy verskyn vandag in diehof.

Inligting in die verband moet aan die SAPD deurgegee word vir verdere ondersoek.



(Langs Telwiedre Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGSDATUMS

SATERDAG

27 Julie om 11:00

VRYDAG

9 Augustus om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak

WOLTER 084 407 9394

Implemente inskrywings is ook baie welkom.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING Elke Donderdag te Royal Auction Centre



**Vir kraalbesprekings en
inskrywings, skakel:**

Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:

**“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer
REG gedoen word!”**

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



VL verwelkom ekstra voertuie om misdaad in Vrystaat te bekamp

• Vrystaat Landbou

Vrystaat Landbou (VL) is verheug oor 48 ekstra voertuie wat vir landelike veiligheidkoördineerders by polisiestasies in die Vrystaat gegee word. Só het Tommie Esterhuyse, Vise-president van VL, gesê nadat dié voertuie deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) beskikbaar gestel is om te help om misdaad te bekamp.

Volgens hom is dit "n historiese dag vir landelike beveiliging" en het hy die gebaar verwelkom. Die voertuie sal slegs deur die polisie gebruik word om misdaad in landelike gebiede en landbougemeenskappe aan te spreek.

Sam Mashinini, Vrystaatse LUR vir Polisie, Paaie en Vervoer, het op 19 Julie 2019 by 'n geleentheid by die Glen-landboukollege in Bloemfontein gesê die voertuie gaan gebruik word om ernstige geweldsmisdade en veediefstal aan te spreek. Volgens Esterhuyse is dit 'n gegewe dat meer mannekrag en voertuie steeds nodig is.

Mashinini het ook beklemtoon dat die voertuie opgepas moet word, asof dit polisiebeampies se eie is. Hy meen landbouers moet hul vee merk en gereeld tel en dat die

Vrystaat 'n provinsie is waar landbougemeenskappe in vrede hul besigheid moet kan verrig.

Lt. genl. Moeketsi Sempe, Proviniale kommissaris van die SAPD, het bevestig dat die voertuie as deel van fase een in die Landelike-beveiligingstrategie (LBS) uitgereik is om misdaad in landelike gebiede, in samewerking met landbougemeenskappe, aan te spreek. Hy het ook gemeld dat veiligheidkoördineerders fleksietyd gaan werk na aanleiding van hul misdaadpatroon analise.

Sempe het VL bedank vir die goeie samewerking tussen die polisie en die organisasie. Hy het ook versoek dat landbouers die polisie se dienslewering moet evalueer en waar probleme ontstaan, die lyn van bevel of protokol oor klagtes gevolg moet word. "Landbouers moet nie reg in eie hande neem nie en alle wette nakom," het hy gesê.

Volgens Esterhuyse het Genl. Khehla Sitole, Nasionale Kommissaris van die SAPD, tydens gesprekvoering met Agri SA gemeld dat hy georganiseerde landbou as 'n vennoot in die LBS sien.

Hy het op sy beurt klem gelê op die ver-



Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het by 'n geleentheid by die Glen-landboukollege in Bloemfontein bekend gemaak dat 48 voertuie beskikbaar gestel word om landelike veiligheid op te skerp. Van links is Tommie Esterhuyse, Vise-president van Vrystaat Landbou (VL), Sam Mashinini, Vrystaatse LUR vir Polisie, Paaie en Vervoer, lt. genl. Moeketsi Sempe, Proviniale kommissaris van die SAPD, en Jakkals le Roux, Voorsitter van VL se Landelike Veiligheidskomitee. Foto: Vrystaat Landbou

trouensverhouding en dat behalwe same-werking en verhoudinge, daar gewerk moet word aan wedersydse vertroue. Die voertuie

moet gesien word as 'n instrument om goeie verhoudinge te bou tussen plaaswerkers, landbouers en die polisie.

HEILBRON Kliniek - Eating Disorders

WHAT ARE EATING DISORDERS?

There are four types of eating disorders: anorexia nervosa, bulimia nervosa, binge eating disorder, and Eating Disorders Not Otherwise Specified (EDNOS). Young people with these disorders often have a negative and distorted body image, and intense emotions and behaviours surrounding food. The phrase "body image" means the thoughts and feelings people have about their physical appearance. Young people with eating disorders may start to eat less because they are afraid of gaining weight. Sometimes they binge (overeat, consuming very large quantities of food) and sometimes purge (by making themselves vomit, over-exercising or using laxatives). Eating disorders affect a person's physical and emotional health. They are very dangerous illnesses and can be fatal if they are not treated.

WHAT IS ANOREXIA NERVOSA?

Anorexia nervosa is an illness that involves having an extreme desire to be thin. The key elements of anorexia nervosa are: a refusal to keep body weight at a healthy level, an intense fear of being fat, a distorted body image. Many people who have anorexia stop having their periods or don't menstruate regularly.

Physical

- Dramatic weight loss
- Slow heart rate
- Low blood pressure
- Low body temperature
- Brittle hair and finger nails
- Hair loss
- Dry skin & dehydration
- Growth of lanugo (soft fuzzy hair on face), back & arms
- Amenorrhea (menstrual period stops)

Emotional

- Depression
- Anxiety or nervousness
- Distorted body image
- Intense fear of weight-gain
- Low self-esteem
- Withdrawal from friends & activities
- Thinking about food most of the time

WHAT IS BULIMIA NERVOSA?

Bulimia nervosa is an eating disorder that involves frequent bingeing and purging, as well as a distorted body image. Bingeing means eating a lot of food at one time even when you are not hungry. Following a bing, people with bulimia will try to get rid of food by vomiting, taking laxatives or by excessive exercise. People with bulimia may hide what they eat from others and feel afraid or ashamed of their behaviour.

WHAT ARE SOME OF THE HEALTH PROBLEMS THAT GIRLS WITH BULIMIA FACE?

Bulimia is hard to detect from looking at a person since the health problems a person may suffer from are not as obvious as with anorexia. For example, someone may have a normal weight, but still have bulimia. Also, they may be secretive about their eating habits so that even their family and friends are not aware that they have a problem. Bulimia is serious and can cause permanent damage to the teeth, stomach, digestive track, and heart.

Symptoms of Bulimia Nervosa

Physical

- Electrolyte problems
- Irregular menstrual periods
- Dehydration
- Swollen face (fluid retention)
- Sore throat
- Tooth decay/loss
- Dry, flaky skin
- Heart arrhythmias (due to potassium loss from vomiting)
- Constipation
- Body weight is typically normal

Emotional

- Depression
- Shame of guilt
- Anxiety
- Fear of weight gain
- Withdrawal from friends

WHAT IS BINGE EATING DISORDER?

Binge eating disorder, or compulsive eating disorder, involves eating large amounts of food in short periods of time without purging. Often, people with binge eating disorder will skip meals or eat small portions when they are around others and then eat large amounts when they are alone. People with binge eating disorder often suffer from anxiety, depression, loneliness, shame and/or self-hatred. Their body weight can vary from normal to obese.

WHAT IS EATING DISORDER NOT OTHERWISE SPECIFIED (EDNOS)?

People with Eating Disorder Not Otherwise Specified (EDNOS) have some, but not all the symptoms of either anorexia, bulimia or binge eating disorder. For example, people struggling with Eating Disorder Not Otherwise Specified (EDNOS) may have periods of restrictive eating (days or months) followed by periods of overeating or binge eating, or they may be at a very low weight, but not have anorexia because they still get their menstrual period. Young

women with Eating Disorder not Otherwise Specified (EDNOS) may also maintain a stable weight that is within a medically safe range, but still have many of the other symptoms and medical complications of eating disorders.

WHAT CAUSES EATING DISORDERS?

Eating disorders are probably caused by a combination of social, psychological, family, genetic and environmental factors.

Society's intense focus on thinness and appearance may influence how young people view their bodies and their self-esteem.

An individual may have a family history of emotional disorders such as depression or anxiety. Eating disorders are often associated with feelings of helplessness, sadness, anxiety, and the need to be perfect. This can cause a person to use dieting or weight loss to provide a sense of control.

Teens who participate in competitive sports or activities that emphasize thinness, such as ballet, running, gymnastics, or skating, are more likely to develop an eating disorder.

Family stress of any kind can also contribute to the development of these illnesses. Dealing with difficult transitions, loss or teasing about weight from friends or family may trigger eating disorders. Family emphasis on weight from an early age can also have a negative effect.

HOW ARE EATING DISORDERS TREATED?

Eating disorders are medical and psychological problems. Treatment usually includes working with a team of specialists: a therapist, a nutritionist and a doctor or nurse practitioner. Treatment is individualized to fit a teen's specific needs.

Medications are often prescribed as part of the treatment for an eating disorder, or for other conditions that people with eating disorders may have such as: depression, anxiety and obsessive-compulsive disorder. A doctor will prescribe and monitor the medicine.

WHAT CAN WE DO AS SOCIETY TO PREVENT EATING DISORDERS?

It is important for us to look at our attitudes and behaviours in our own lives to help us understand how we can prevent eating disorders in our culture. Teasing and harassment about weight and body shape often lead young women to develop eating disorder behaviours. Conversations and activities that focus only on thinness, weight and dieting can be harmful.

Magazines and movies promote unrealistic role models for beauty and weight. Often, we are presented with an image that is unnaturally thin and unlike most women.

For help and more information contact your nearest clinic, hospital or health provider.

Department of Health

67 Minute vir Mandela-dag



HEILBRON KLINIEK: Op die foto bo het Heilbron Kliniek kontrakwerkers met sop en broodjies verras wat deur die personeel gemaak en voorsien is. Die warm sop was baie welkom in die koue weer. Heilbron Kliniek het verder vir Nelson Mandela-dag saam met die kinders van die Jeugdorgsentrum pannekoek gebak. Vir sommige 'n heerlike ervaring. Van die kinders het deelgeneem aan die bak en suikerstrooi en dit so geniet en alreeds gevra wanneer hulle weer kom.

Price Drop

Valid until 31/07

A5 Full colour Double Sided Flyers

500 @ R480
1000 @ R800

Full colour Double Sided Business Cards **250 @ R199**
500 @ R250

*Excludes Vat & Design Cost

Herald 44 Els Street | Heilbron
058 852 3033
herald@heilbron.co.za

SANBS samel 73 eenhede bloed in



Op die foto Danie Knoetze gereed om bloed te skenk.

Indien jy Dinsdag verby die Suid-kerk se saal gery het, sou jy gesien het aan die hoeveelheid motorvoertuie wat buite staan, dat Heilbronners die SANBS goed ondersteun. In totaal is daar 73 eenhede vir die dag ingesamel. Heilbronners kan hulself 'n klop op die skouer gee, want hierdie 73 eenhede kan 'n minimum van 219 mense se lewens red. Op die foto bo is Danie Knoetze, 'n inwoner van Heilbron. Knoetze

maak 'n punt daarvan om elke keer bloed te skenk as die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddienste in Heilbron is. Dinsdag was sy 20ste skenking.

Die volgende bloedskenk datum is 19 September 2019. Dit val op 'n Donderdag as gevolg van Dinsdag die 24ste September wat 'n vakansiedag is. Sien jou daar om jou bloed te skenk vir mense wat dit nodig het!

HEILBRON VEILING GPS: S27°12.389' E28°04.546'

Wesdan Boerdery & Louise Dohne Merino Stoet Produksieveiling (Danie en Tsaats Hattingh)
Vrydag | 9 Augustus 2019 om 11:00 te Canossa | Heilbron

WESDAN
44 Jaar se Uitstekende
Teling en Genetika!

1210 Uitstekende Dohne Merino skape:

60 A +AA ramme.
500 Ooie (dragtig; 6 tand tot volbek; 4 maande wol).
250 Ooie (dragtig; 2 tot 4 tand; 4 maande wol).
400 Hammel lammers (ongeskeer).

1110 Uitstekende Bonsmara beeste:

180 Koeie met 180 kalwers (meeste is 3-in-1).
80 Koeie (swaarddragtig).
400 Bul kalwers (droog; gespeen).
200 Verskalwers.
70 Slagkoeie.

Bewys van Top Wol!

NOTA: Alle skape gesen 10-in-1. Multi-Somni, Cydectin LA, Prodeose Yellow, Bloutlong A, B en C apart. Dragtigheidstatus en katalogus inligting sal dag van veiling beskikbaar wees.

NOTA: Top Bonsmara boerbeeste. Dragtigheidstatus en katalogus inligting sal dag van veiling beskikbaar wees.

ROUTE: VANAF HEILBRON: Ry op die Frankfort teerpad vir 5 km. Draai links op pad S160. Ry vir 15 km. Draai links by plaas in. **VANAF FRANKFORT:** Ry op die Heilbron teerpad vir 45 km. Draai regs op pad S160. Ry vir 15 km. Draai links by plaas in. **VANAF SASOLBURG:** Ry op die Heilbron vir 30 km. Draai links op die S1220 pad. Ry vir 10 km tot by die T-aansluiting. Draairegs en ry vir 1 km. Draai links en ry vir 7 km tot by T-aansluiting. Draai regs en ry vir 5 km. Draai links by plaas in.

Onder beskerming van Dohne Merino genootskap

NAVRAE: Danie de Wet (Skaap- & Wolbeampte) 082 772 4537. Piet Boshoff 083 210 7135. Wentzel Vorster 082 566 1369. EIENAARS: Danie Hattingh 082 770 1926. Tsaats Hattingh 082 377 3142. Afslaer: Jan Mostert 083 306 8408. Vir volledige besonderhede, katalogus en voorwaardebesoek gerus ons webtuiste: www.bkb.co.za

Dohne Merino



DIE MENSIE

My ma het drie susters. Al is twee van hulle nie meer op aarde nie. Die oudste en die jongste daarvan is nie meer nie, net die twee middelstes.

My ma se jonger suster het onseers skaam gehad, en toe bang. Sy het vir jare alleen gebly nadat haar man skielik dood is. Haar twee seuns het ver van haar af gewoon. Sy het haar kleinkinders ook nie baie gesien nie.

Sy het stelselmatig begin kop verloor.

AANVANKLIK HET ALMAL, ONS INKLUIS, DIT AFGEMAAK AS KOP-

PIGHED. Sy het vertel van haar buurman wie sy vermoed het in haar huis bly, bo-in die gangkas. Sy voetspore het blybaar teen die boonste rak gesit.

My gryse ou vader moes eenkeer dadelik gaan ondersoek instel, want "daai outjie" loop in die nag in haar huis. Nadat hy die dakplate losgemaak het en deur die kas afgesak het.

Nodeloos om te sê: daar was niemand nie.

Sy het kom vertel dat "daai outjie" wil hê sy moet verongeluk, want hy het swart goed om die uitlaatstelsel geverf. Toe my pa gaan kyk, is dit net die gewone swart neerslag wat uit die enjin kom.

Later het daar kinders in haar buitekamer kom bly. Sy moes knaend vir hulle toebroodjies maak, want hulle gaan elkeoggend skool toe. Sy was sommer vies wanneer sy agtergekom het dat hulle nie hulle broodjies geëet het nie.

Sy het eendag vir my vertel van die skande by die plaaslike hoëskool, ons sal iets daaraan moet doen, want sò kan dit nie aangaan nie. Sy voel dat ons die skoolhoof moet laat weet. Sy het 'n ou koerantknipsel van 'n advertensie aan my gewys en vertel van dié berig wat sy gelees het. Dit was glad geen skande nie, net 'n onskuldige advertensie.

Sy sou later in die middel van die nag by my ouers opdaag en aandring om by hulle oor te slaap, alhoewel hulle omtrent vyf straatblokke van mekaar gewoon het.

MY PA HET OPGEGEE: HY HET HOM NIE EERS MEER ONTSTEL OOR HAAR OPTREDE NIE.

Sy het met die helfte van haar klere in haar ou motor rondgery, soms selfs die gassilinder saamgevat. Sy het nie meer 'n idee gehad waarheen sy op pad was nie. Sy het al halfpad na die buurdorp gery en dan omgedraai en haar koerant by die plaaslike kafee gaan koop.

Een aand het sy met haar rewolwer in die bure se tuin gaan wegkruij, vir ingeval "daai outjie" haar afloof of bekruip of wil aanval.

Toe sy die tweede keer by die laerskool aankom en aandring om die skoolhoof te sien, want die kinders vir wie sy die toebroodjies maak, het hulp nodig, is die maatskaplike werker se hulp ingeroept. Iemand het haar gaan oplaai en haar by die ouetehuis gaan inboek. Hulle het haar seuns laat weet. Ten minste was sy op 'n veilige plek. Haar huis en meubels is verkoop. Haar jongste seun



het haar gereeld besoek. Later het haar seun haar na 'n versorgingshuis nader aan sy huis geskuif.

My ma het haar omtrent 6 maande gelede gesien en ons besluit om haar na my tannie toe te neem om te gaan kuier.

Met die eerste oogopslag lyk dit soos 'n gewone huis met 'n lowergroen tuin, ten spyte van die winter. Binne-in word ons welkom geheet deur die suster aan diens.

DAAR IS TANS 23 MENSE WIE IN DIE HUIS VERSORG

WORD: 18 van hulle het Alzheimer se siekte. Nie eers meer net blote demensie nie.

Sy wys vir ons op die geslotebaan TV hoe die versorger besig is om my tannie se hare te kam en vir haar 'n trui aan te trek. Die suster vertel dat my tannie nie meer kan loop nie. Sy word met 'n rolstoel na ons toe gestoot.

Sy ken ons glad nie. Dit het ons geweet. Sy kom later, met die verloop van die gesprek agter dat my ma haar suster is. Iewers in die loop van die oggend noem sy my op my naam. Sy vra drie keer vir my dieselfde vraag, twee keer help ek haar reg en die derde keer beaam ek net wat sy sê.

Sy kyk vies na my ma en sê dat sy (my ma) sal moet opskuif want iemand moet langs haar kom sit. Ons dog sy praat weer deurmekaar, maar sien toe dat daar 'n versorger met iemand, 'n ouer tannie, ook in 'n rolstoel, nader staan. Die versorger vra toe ook dat my ma moet opskuif.

DIE VERSORGER TEL DIE OUER TANNIE OP, EN SY LYK SOOS IEMAND WIE 'N SAKKIE BENE OPTEL.

Sy sit die tannie op haar sage stoel neer. Onthou julle die prentjie in die kinderverhale van 'n nare heks? Die ou nare heks met die haakneus, diep oë en krom vingertjies. Dit is presies hoe die ou tannie lyk.

Die ou tannie krap haar voorkop met 'n krom vingertjie, kompleet soos wat die heks sou doen. Ek wil vir myself lag, as ek my nie so sit en verwonder het nie.

Die versorger skud die sakkie bene saggies sodat sy gemaklik sit. Sy plaas 'n kussing onder haar regterskouer sodat sy meer gemaklik kan sit. Dan gaan sit die versorger op die ou tannie se stoel se armlening en begin haar voer: druk haar beskuitjie in haar koffie en sorg dat die ou tannie 'n happie vat, deeglik kou en dan afsluk. Sy vee haar druppende mond saggies af.

EK HET SPLINTERNUWE RESPEK VIR MENSE SOOS DIË: NIE DIE PASIËNTÉ WAT AAN DEMENSIE OF ALZHEIMERS LY NIE, MAAR VIR DIE VERSORGERS.

Hulle het soveel geduld: elke pasiënt word met liefde versorg, hulle kry droë doekie, sit hulle borslappies aan, kam hulle hare.

Ek sien hoe mooi my tannie se naels lyk: dit is pers geverf met blinkertjies op. Toe ek vra wie dit gedoen het, vertel die versorger met trots dat dit sy is.

Ek lig my hoof baie hoog vir julle. Dankie dat julle goed is vir ons hartsmense.

Baie dankie.

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening

Dinsdag
09:00 Bloeddrukke

Woensdag
09:00 Dorp toe

10:00 Voetsorg

Donderdag
10:00 Sosiale program

Vrydag
09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon

Petro Pretorius

082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke

word geneem.

10:00 - Ledeprogram

(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Spelletjies,

Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg

076 646 8576

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week
vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE

09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.

THINGS MONEY CAN'T BUY:

1. MANNERS
2. MORALS
3. RESPECT
4. CHARACTER
5. COMMON SENSE
6. TRUST
7. PATIENCE
8. CLASS
9. INTEGRITY
10. LOVE

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Erediens, Kleuterkerk,

Sin Kol: Fonds vir Geestelike Bearbeiding van Studerende Jeug,

Kategese, Blok 1, 10:45 Kerkraadsverkiesingsvergadering

Teebeurt: D1, D3, P6, P7

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens

Sin Kol: fonds vir Middestad- en Arbeidsbediening / Kategese

GEREFORMEerde Kerk

Sondae: 09:30 Erediens

Kol: Oos-Vrystaat Bedieningsfonds, Katkisasie: Les 17

Diensbeurt: Wyk 3 & 4

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffeln- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H.v Right- & Gilbertstraat) - Sondae: 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sondag 10:00 Erediens (Heilbron) / VBO Les 19

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEerde Kerk Phiritona

Sondag 10:00 Erediens - Kontak MP Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erdenste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREF. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / Woensdae: 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / Dinsdag: 18:00 Gemeentebiduur

Woensdag: Huissel, Donderdag: 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugand, Saterdag: 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoek skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentsha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

B

GEKLASSIFISEERD**Small**s

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za
(Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
(Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za
(Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in brieue en rubriek, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Sa 27 Jul.	2 / 21	Sonnig
So 28 Jul.	0 / 21	Sonnig
Ma 29 Jul.	6 / 25	Sonnig
Di 30 Jul.	3 / 18	Sonnig
Wo 31 Jul.	0 / 19	Sonnig
Do 1 Aug.	3 / 20	Sonnig
Vr 2 Aug.	3 / 21	Sonnig
Sa 3 Aug.	4 / 21	Sonnig
So 4 Aug.	5 / 21	Sonnig
Ma 5 Aug.	5 / 21	Sonnig
Di 6 Aug.	5 / 21	Sonnig

KENNISGEWING**KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE**

In die boedel van wyle **WILLEM ADRIAAN DE JONGH**, Identiteitsnummer 370929 5004 082, wewenaar wat woonagtig was te plaas Buffeloord, distrik Koppies, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 2 Mei 2019, boedelnummer 004453/2019.

Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eiste teen die boedel in te stel en debiteur word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33

POSBUS 199

HEILBRON

9650

GEREGISTREERDE OUDITEUR

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the estate of the late **JOHANNES PETRUS BENADE**, Identity Number: 480611 5027 084, in life married in community of property with **ALBERA BENADE**, residing at farm Mara, district Frankfort, 9530, Province Free State, Estate Number: 2377/2019. Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Frankfort Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.

(GET) AA SCHUTTE

CORNELIUS & PARTNERS INC

40 CHURCH STREET

P.O. BOX 205

HEILBRON

9650

TEL: 058 852 2035

DIENSTE**BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON**

PLEK: N.G Kerksaal (Suid)

• 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

• 26 November 2019



Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.

Vir enige nuus wat jy graag met die lezers wil deel, kontak Jolandri kantoore by 058 852 3033.

Elsstraat 44
Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033

Net te hoog vir jou? geen probleem nie

Ons kan tot 10m bykom

Kontak: JC 082 553 8969

NOTICES OF DEBTORS AND CREDITORS

In the Estate of the late **THABO DANIEL MOTLOUNG**, Identity Number: 530914 5435 087, during life time married out of community of property, residing at Erf 1894 Phirtona, district Heilbron, Province Free State who died on 30 June 2018, Estate Number: 5835/2018.

All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the executor within 30 (Thirty) days from date of publication.

Signed at Heilbron on this 18th day of July 2019.

(GET) AA SCHUTTE
CORNELIUS & PARTNERS INC
CHURCH STREET 40
P.O BOX 205

HEILBRON, 9650

TE HUUR**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 onde,

gelisensieerde kroeg beskikbaar.

Besprek by

Magda Bierman 083 292 1503

SKOOL TERMYNE

• Sluit 20 Sept. • Open 1 Okt.

• Sluit 4 Desember

Vakansiedae 2019: 9 Augustus • 24 September • 16 Desember • 25 Desember • 26 Desember

JAAR-BEPLANNER**AUGUSTUS**

2-3 Boeretreat
21 Huis- en Tuinbouklub vergadering

SEPTEMBER

18 Huis- en Tuinbouklub vergadering

OKTOBER

12 SPAR-Gholfdag
23 Huis- en Tuinbouklub vergadering

EIENDOMME**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Oir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159

TE KOOP

GiG Technologies
Kerk St. 44
Heilbron
072 847 4493
info@gihtechnologies.co.za

TE KOOP**TUPPERWARE TE KOOP**

Vir bestellings kontak
Jolandri 079 846 1075
Heilbron

ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

BEDANKING

BEDANKING
Aan ons medeboere, woerde kan nie beskryf die opregte dankbaarheid diep in ons harte vir die hulp wat elkeen aan ons verleen het, met u hulp om die veldbrand te blus op die plaas Edenburg, Vrydag die 19de Julie. Ons kan u elkeen nie genoeg bedank vir u spoedige en professionele optrede om skade te beperk aan die winterweveld daar op die plaas nie. Seën vir een en almal van u vir die res van hierdie winterseisoen.
Die Naude's

K1679

KENNISGEWING / NOTICE

Alle ouers bring dit asseblief onder julle kinders se aandag dat geen diefstal by **SPAR Heilbron** geduld word nie. Daar sal dadelik opgetree word teen die skuldiges.

All parents kindly bring this to your children's attention that no theft at **SPAR Heilbron** is tolerated. Actions will be taken immediately against the perpetrators.



1	8	7
1	3	9
4	7	6
4	9	5
1	6	1
7	4	3
7	9	2
5	4	6
6	3	8

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Kom ondersteun die Valke kampioene

Saterdag 27 Julie om 10:00



Hoëskool Heilbron se 1ste XV is die Valke kampioene. Hulle het daar mee deurgebring na die Virsekerbeker kwartfinaal en speel Saterdag 27 Julie om 10:00 op hul tuisveld teen Ferdinand Postma van Potchefstroom. Die kapteinspan nooi alle oud-Wildebeeste, ouers, familie en belangstellende Heilbronnrs om die paviljoen vol te pak en die span te kom ondersteun. Op die foto verskyn: Sarel Mouton (onderkaptein), Rudi van Niekerk (kaptein) en Pula Fox (onderkaptein).

Leeutjieklas kuier by Dienssentrum



Daar was groot opgewondenheid hierdie week by Heilbron Dienssentrum toe 'n groep borrelende kleuters gaan kuier het. Die Leeutjieklas van Kleuterkasteel het die lede van die Dienssentrum se dag opgehelder. Tannie Alberta en Caryl het elkeen vir die kleuters 'n storie vertel. Nadat hulle vir die ooms en tannies gesing het, is hulle weer terug skool toe - elkeen met 'n lekker springmelielbal en 'n outydse woer-woer om mee te speel.

Hoëskool Heilbron - Kwartfinaal 27 Julie om 10:00

Hoëskool Heilbron VS Ferdinand Postma

HEILBRON SPAN

1 Arno Hendrikse
2 Ruan Fox
3 Rudi van Niekerk
4 Mike Henn
5 De Jager Jooste
6 Geo Hausleitner
7 Sipha Malindi
8 Adriaan Pelser
9 Koos Scheepers

10 Francois Els
11 Ryan Nel
12 Wolter Bennink
13 Sarel Mouton
14 Robert Daniël
15 Waldo Steyn
16 Grawie Pretorius
17 Xander Visagie
18 Jan Strydom
19 Rethabile Mokoena

FERDINAND POSTMA

1 Katleho Lebitsa
2 Markus van Dyk
3 Nathan Van der Linde
4 Stephan Bronkhorst
5 Duianne Bester
6 Mpho Maine
7 Ethan Kaalsen
8 Justin Engles
9 Nhlanhla Faku

10 Renier van Rooyen
11 Franco van der Westhuizen
12 Wayden Fortuin
13 Marne Henning
14 Resego Matsemela
15 Tshepo Mathoko

20 Divan Potgieter

Afrigter:
Joe Seerane
Sias van Rensburg

Skeidsregter:
Carel Watermeyer



Canvas Special

A4 CANVAS (200X300MM) R110

A3 CANVAS (300X400MM) R150

A2 CANVAS (400X600MM) R230

A1 CANVAS (600X800MM) R380



Special valid until:
31 August 2019



058 852 3033

heraldgraphics2@heilbron.co.za

Prices exclude VAT

Heilbron
Herald

Heilbronners gee hul 67 minute vir Mandela-dag



Die senior groep leerders van School of Destiny het gedurende Mandela-dag hulle 67 minute gebruik om vullis in die hoofstraat van Heilbron op te tel. Elkeen het met 'n swartsak gestap en gou-gou is dit netjies opgeruum. Op die foto bo leerders van die senior klas van School of Destiny.



Sy is nie net mooi nie, maar haar liefde vir ander straat uit. So het Leandri Fourie (Miss Jnr Teen Free State) deel gevorm van 'n gesamentlike projek vir Mandela-dag. Die projek is geloots deur Engo Familie Sorg in Heilbron wat klere by die Tokollo Hosptaal uitgedeel het. Leandri het met behulp van Luha, Two Boy's Motor Mechanics, Brothers Scrapyard, Petronel Swart en haar eie sakgeld 16 beertjes en suiglekters aan die kinders in die kindersale asook pasgebore babas of moeders wat naby kraam was gegee. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie.



On the photo above the group of men of #inourname.

An organization called #inourname is making name for themselves in Heilbron. Early in the month, Heilbron Herald reported on a soup-kitchen program that is ongoing until the end of August. For their 67 minutes for Mandela Day, #inourname gave more than just an hour of their time. The group of men thought it was good

to spend their time at Ringer Street Youth Care Center. There are currently 12 children living in the center. #inourname spoiled these children with braaivleis and each one received a set of school shoes and clothing. The group of men also spent extra time with the children to show them that they care.



Op die foto bo is van die lede van die departement van korrektiewe dienste in Heilbron saam met een van die gesinlede wat die kruideniersware ontyang het: Van links: me Crystal Seekoei (afdelingshoof van sekuriteit), mnr MA Mofokeng (geestelike versorging), mnr TE Bahumi (hoof van die sentrum), mnr M Mnguni (amptenaar) en me J Majola (amptenaar).

Die departement van korrektiewe dienste in Heilbron het hulle 67 minute vir Mandela-dag gebruik om aan vier gesinne in die gemeenskap, kruideniersware te voorsien. Die gesinne was onderskeidelik in Phiritona, Sandersville en ander woonbuurte geleë.

Hierdie gebaar was moontlik gemaak deur bydraes wat deur die amptenare van die korrektiewe dienste en die hoofkantore gemaak is. Te danke aan diegene wat bygedra het om die projek moontlik te kon maak, het vier gesinne met geruste harte geslaap.



On the photo above school shoes and clothing for the children of Ringer Street Youth Care Center.

TYDELIKE POS BESKIKBAAR

Die Heilbron Herald beskik tans oor 'n VERKOOPSKLERKPOS vanaf 29 Julie 2019 tot 31 Augustus 2019.

PLIGTE BEHELS:

- Verkope
- Voorraad kontroleer
- Persoon moet bereid wees om Saterdae te werk vanaf 08:30 tot 13:00
- Stuur jou CV na finance@heilbron.co.za

Vir enige verdere navrae skakel John Watson by 058 852 3033 of 083 269 9257.

Herald



SPORTverslag

HEILBRON Duiweklub

Die wedvlugte vanaf Trompsburg het met 'n woeste Suidwestewind gepaard gegaan. Die wind van agter het gemaak dat 'n gemiddelde spoed van 120km per uur gehandhaaf is. Die voorste duwe het die 370km in 3 uur 20 minute afgelê.

Zenith het albei wedvlugte gewen. Sy eerste duif in die jaaroud wedvlug was 3de in die Vaal Posduif Unie en in die Ope het die voorste twee duwe vyfde en sesde ge-

vlieg. Dit was die vinnigste wedvlug van die afgelope 20 jaar. 'n Mens kan dit byna nie glo dat die duwe so vinnig kan vlieg nie.

TROMPSBURG JO

1. Zenith A, 2. Zenith B, 3. F Viviers, 4. Zenith B, 5. Zenith B, 6. Zenith A, 7. F Viviers, 8. F Viviers, 9. Zenith B, 10. F Viviers.

TROMPSBURG OPE

1. Zenith A, 2. D Els, 3. D Els, 4. F Spangenberg, 5. F Viviers, 6. D Els, 7. F Viviers, 8. Stemmet Hokke, 9. D Els, 10. Stemmet Hokke.

KRANSFONTEIN Resiesduifklub

Op 20 Julie 2019 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Colesberg gevlieg. Daar het 504 duwe deelgeneem aan die reis. Die duwe is 07:45 losgegaan en het vinnig gevlieg as gevolg van 'n sterk wind van agter. Die eerste 80 duwe is geklok binne 10 minute 35 sekondes. Die

wenduif is deur Fourie Hokke geklok met 11.47. Die distansie was 459.442 km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1892.914 meters per minuut.

Hier volg die uitslae: 1ste - Fourie Hokke, 2de - Jakes Jacobs, 3de - Wolmarans Hokke, 4de - Jakes Jacobs, 5de - Spartan Pigeons, 6de - Spartan Pigeons, 7de - Bosman en Seuns, 8ste - Spartan Pigeons, 9de - Spartan Pigeons, 10de - Spartan Pigeons.

JAARPROGRAM : 2019

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
27 JULIE	OVER UNDER SPANSKIET	09:00
17 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
24 AUGUSTUS	BOSVELD OEFENING	09:00
14 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
23 SEPTEMBER	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	
5 OKTOBER	SKIET OEFENING	09:00
5 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
19 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
8 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
23 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2020 MOET NUO BETAAL WORD	

SPERTYD vir bydraes en adver-tensies vir die koerant is WOENS-DAG om 10:00. Indien u enige nuus het, skakel 058 852 3033

RUGBY



VAKANTE BETREKKING

Ons is opsoek na 'n Grafiese Ontwerper wat innoverend en kreatief dink asook 'n bemarkingsrol kan vervul. Verder sal jy verantwoordelik wees om te help om die kreatiewe rigting van veldtoege te bestuur met begrip van tipografie en uitleg. Entoesiasme en oortuigingsvermoë sal jou in staat stel om produkte aan kliente bekend te stel en te verkoop, terwyl aandag aan detail en noukeurigheid baie belangrik is vir die suksesvolle afhandeling van projekte en bestellings.

Kennis oor die volgende word benodig:

- Adobe Illustrator
- Adobe InDesign
- Adobe Photoshop
- Sosiale Media

Stuur jou CV en rig navrae aan abrie@heilbron.co.za of handig dit in by Heilbron Herald, Elsstraat 44.

Beskikbaar vanaf Augustus 2019

- Rolle van die Grafiese Ontwerper sluit in:
- Bied insigte en kreatiewe leiding aan kliente
 - Produseer visuele ontwerpe vir alle media
 - Skakel met kliente

Heilbron Herald
058 582 3033

BESIGHEIDSURE

MAANDAE TOT DONDERDAE

07:30 tot 17:00

VRYDAE - 07:30 tot 16:30

SATERDAE - 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk,

wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Herald

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

Elsstraat 44 • Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za



JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 30 JULIE 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

DEVON : OPEN RANGE BEEFMASTERS
63 Top Beefmasters
11:00, Leouwiekop, Devon
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

DONDERDAG - 1 AUGUSTUS 2019

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

VRYDAG - 2 AUGUSTUS 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

VENTERSBURG : NEELS DE VILLIERS FAMILIE TRUST
Totale uitverkoping van Merino kudde & skaapvoertuig
11:00, plaas Hayfield, Ventersburg
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

SATERDAG - 3 AUGUSTUS 2019

OTTOSDAL : OVERVAAL ILE DE FRANCE KLUBVEILING
270 Ile de France skape
11:00, Ottosdal skougronde
Kontak Boeta Maree 073 949 8782

www.blkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Postbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

